Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Western Cape Provincial Parliament
IPalamente yePhondo leNtshona Koloni

VOORUITLOPINGSREËL

FEITEBLAD 7

HERSIENING 1, 12 JULIE 2016

Die vooruitlopingsreël verhoed dat ’n Lid ’n saak bespreek wat op die Ordelys verskyn, ongeag of dit ’n wetsontwerp of ’n mosie is. Sodanige bespreking word verhoed deurdat die saak op die Ordelys verskyn. Hierdie reël verhinder ’n Lid om te poog om ’n besluit oor ’n saak wat reeds op die Ordelys verskyn, vooruit te loop deur ’n tweede, identiese of soortgelyke saak te opper. Wanneer ’n punt van orde in hierdie verband geopper word, word die Stoel se besluit gelei deur die beginsel dat voortgang nie vertraag word nie.

Die vooruitlopingsreël is onderworpe aan die volgende uitsonderings:

a) Die reël is nie van toepassing op die bespreking van ’n saak van dringende openbare belang nie.
b) Wanneer die Voorsittende Beampte moet bepaal of ’n bespreking op grond van hierdie reël buite orde is, moet hy/sy in ag neem of dit waarskynlik is dat die saak binne ’n redelike tyd voor die Huis sal dien.
c) Die verwysing van ’n saak na ’n staande komitee sluit nie die oorweging daarvan deur die Huis uit nie. Lede moet egter versigtig wees dat hulle nie die besluit van die komitee beïnvloed nie en daarom moet hulle nie die besonderhede van sodanige saak in te veel diepte bespreek nie.
d) Die reël is nie van toepassing op die bespreking van die bylae van ’n begrotingswetsontwerp nie.

Die vooruitlopingsreël is van toepassing op:

a) Verklarings deur Ministers;
b) Persoonlike verduidelikings deur Lede; en
c) Kennisgewing van mosies wat werklik op die Ordelys verskyn.

Posbus 648, Kaapstad
8000, Suid-Afrika

PO Box 648, Cape Town
8000, South Africa

PO Box 648, Ekapa
8000, Mzantsi Afrika

www.wcpp.gov.za
+27 21 487 1600